higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1570**(A)**(N29)H

**NASIONALE SERTIFIKAAT**

# REISKANTOORPROSEDURES N5

(4021165)

**29 November 2018 (X-Vraestel)**
**09:00–12:00**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n antwoordboek van 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**DEPARTMENT OF HIGHER EDUCATION AND TRAINING**
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

NASIONALE SERTIFIKAAT
REISKANTOORPROSEDURES N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Beantwoord AL die vrae op die aangehegte ANTWOORDBOEK.
5. Skryf jou EKSAMENNOMMER op elke bladsy van jou ANTWOORDBOEK in die spasie wat voorsien word.
6. GEEN punte sal gegee word vir antwoorde wat in potlood geskryf is nie.
7. Skryf netjies en leesbaar.

---

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A: FINANSIËLE REKORDHOUDING

### VRAAG1

Nadat jy die bankstaat en kontantjoernale van ABC-Reisagentskap vergelyk het, word inligting verskaf waarmee jy die volgende moet doen:

1.1 Doen die aanvullende inskrywings in die kontantontvangste en kontantbetalingsjoernale (slegs bankkolom). (11)

1.2 Dra slegs die bankrekening na die algemene grootboek oor en balanseer die rekening. (7)

1.3 Stel 'n bankrekonsiliasiestaat vir 30 April 2017 op om die saldo van die bankrekening te rekonsilieer met dié van die bankstaat. (10)

**Inligting:**

a) Die bankstaat het 'n kredietsaldo van R292 780 getoon.

b) Die bankrekening het op 1 April 2017 'n debietbalans van R302 680 getoon.

c) Die totaal van die bankkolom in die kontantontvangstejoernaal op 30 April 2017 was R66 460.

d) Die totaal van die bankkolom in die kontantbetalingsjoernaal op 30 April 2017 was R40 000.

e) Die volgende tjeks is nog nie vir betaling aangebied nie:

| | |
|---|---|
| No. 681 | R3 400 |
| No. 695 | R33 000 |
| No. 702 | R5 600 |

f) 'n Kredietinskrywing op die bankstaat was vir 'n deposito van R19 600 wat L. Ishmail direk via die EFT, R19 600, in die bankrekening gemaak het.

g) 'n Debietorder vir R7 500 ten gunste van MTN is vir die eienaar se selfoon is op die bankstaat, gedebiteer.

h) R850 is van die rekening vir bankkoste gedebiteer.

i) 'n Bedrag van R5 300 is verkeerdelik teen die bankrekening gekrediteer.

j) Die deposito van R6 500 is op die laaste dag van die maand van T. Smit ontvang en verskyn dus nie op die bankstaat nie.

k) 'n Debietorder van R6 800, is ten gunste van Budget -Versekering van die bankrekening vir afgetrek.

l) 'n Deposito van R8 000 wat deur D. Brown direk in die bankrekening gemaak is, verskyn nog nie in die joernaal nie.

m) 'n Tjek van R13 250 van S. Snow, is deur die bank teruggestuur, aangesien dit 'n vooruitgedateerde tjek is.

n) 'n Debietorder van R18 000 vir huur aan Q Eiendomme is op die bankstaat gedebiteer.

o) Die bedrag van R58 360 word in die kontantontvangstejoernaal aangeteken as 'n direkte deposito deur G. Green. Dit verskyn nog nie op die bankstaat nie. **[28]**

**VRAAG 2**

Die volgende transaksies in die boeke van ABC-Reisagentskap het gedurende Junie 2017plaasgevind. Jy moet die volgende joernale voltooi en afsluit:

2.1 Kontantontvangstejoernaal met addisionele kolomme vir debiteure, krediteure en kommissie ontvang (begin met kwitansienommer 887). (27)

2.2 Kontantbetalingsjoernaal met addisionele kolomme vir skryfbehoeftes en krediteure (begin met tjeknommer C230). (13)

2.3 Debiteurejoernaal met addisionele kolomme vir debiteure, kommissie en krediteure (begin met faktuurnommer 55). (11)

2.4 Krediteurejoernaal met addisionele kolomme vir meubels en skryfbehoeftes (hernommer fakture vanaf 27). (9)

**Inligting:**

- Die volgende kommissiestruktuur word vir kontant-en kredietransaksies gebruik.

| | |
|---|---|
| Internasionale vliegtuigkaatjies | 9% |
| Binnelandse vliegtuigkaartjies | 7% |
| Reisversekering | 5% |
| Toere, bus, spoorvervoer, akkommodasie | 10% |
| Motorhuur | 15% |

- Die volgende is saldo's soos op 1 Junie 2017:

| **DEBITEURE** | | **KREDITEURE** | |
|---|---|---|---|
| *Profmed | R42 000 | *Waltons | R12 500 |
| *B. Bean | R15 500 | *AMG-Meubelhandelaar | R22 120 |
| | | *KLM | R6 500 |

Transaksies vir Junie 2017:

| | |
|---|---|
| 1 | C.Case, die eienaar, het sy kapitaal met R200 000 verhoog. |
| | Betaal KLM die verskuldigde bedrag. |
| 3 | Ontvang R7 000 huur van T.Trent vir deel van die gebou. |
| | Verkoop 'n Kontikitoer vir twee aan P. Williams, R15 600 per persoon. |
| | Koop nuwe kantoorstoele op krediet van AMG-Meubels, R5 300. |
| 7 | 'n Vliegtuigkaartjie van R7 400 na Windhoek op Air Namibia is aan P.Pepper verkoop. Hy het met 'n kredietkaart betaal. |
| | Ontvang 'n faktuur van (R340) vir skryfbehoeftes , (R2 400) vir 'n lessenaar van Waltons. |
| 9 | Ontvang betaling van Profmed vir 50% van wat hulle skuld. |
| | Verkoop AVIS-motorhuur op krediet aan R. Reeves, R390 p/d vir SEWE dae. |
| 12 | Koop 'n nuwe drukker vir die kantoor van Canon en betaal per tjek, R7 500. |
| | Betaal AMG-Meubels die uitstaande bedrag tot op datum. |
| 16 | Stuur 'n faktuur aan N. Ngo vir akkommodasie verkoop by Holiday Inn Nelspruit. |
| | Betaal die munisipaliteit vir die water en elektrisiteitsrekening, R3 890. |
| 20 | Koop skryfbehoeftes van CNA en betaal per tjek, R690. |
| 27 | Ontvang volle bedrag van B. Bean vir sy uitstaande rekening. |
| | Verkoop reisversekering van Hollard aan R. Reeves en ontvang sy tjek vir R510. |
| 30 | Betaal die senior konsultant, P. Pretty haar salaris van R12 500. |

**[60]**

**VRAAG 3**

Gebruik die volgende proefbalans van ABC-Reisagentskap verskaf op 31 Augustus 2017 om die volgende op te stel:

3.1 Inkomstestaat van ABC-Reisagentskap vir die jaar geëindig 31 Augustus 2017. (17)

3.2 Balansstaat van ABC-Reisagentskap op 31 Augustus 2017. (24)

| **BALANSSTAATAFDELING** | **DEBIT DEBIET** | **CREDIT KREDIET** |
|---|---|---|
| Kapitaal | | 750 000 |
| Ontrekkings | 9 000 | |
| Grond en geboue | 250 000 | |
| Toerusting | 130 000 | |
| Meubels | 200 000 | |
| Bank | 237 000 | |
| Kleinkas | 2 000 | |
| Los kontant | 3 000 | |
| Debiteure | 45 000 | |
| Krediteure | | 63 000 |
| Vaste deposito: ABSA | 150 000 | |
| **NOMINALE REKENINGE-AFDELING** | | |
| Kommissie ontvang | | 290 000 |
| Rente ontvang | | 80 000 |
| Rente op vaste deposito: ABSA | | 3 000 |
| Skryfbehoeftes | 15 000 | |
| Salarisse | 90 000 | |
| Lone | 30 000 | |
| Brandstof | 12 000 | |
| Advertensies | 4 000 | |
| Bankkostes | 2 000 | |
| Verversings | 1 000 | |
| Versekering | 3 000 | |
| Drukkoste | 1 000 | |
| Reismateriaal | 2 000 | |
| | 1 186 000 | 1 186 000 |

**[41]**

**VRAAG 4**

Jy werk vir ABC-Reisagentskap en word versoek om die volgende rekeninge in die algemene grootboek te voltooi deur gebruik te maak van die voltooide kleinkasjoernaal hieronder:

4.1 Kleinkas (balans soos op 1 September 2017 is R2 700 wat ook die voorskotbedrag is wat op 30 September 2017 herstel moet word). (7)

4.2 Skryfbehoeftes. (1)

4.3 Verversings. (3)

**KLEINKASJOERNAAL VIR ABC-REISAGENTSKAP VIR SEPTEMBER 2017**

| **Koop-bewys nom-mer** | **Dag** | **Beson-derhede** | **Besonder-hede van diverse** | **Vol** | **Diverse** | | **Skryfbe-hoeftes** | | **Lone** | | **Kleinkas** | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 21 | 1 | Maaltye | Verversings | | 750 | 00 | | | | | 750 | 00 |
| 22 | 5 | Drukkers-ink | | | | | 340 | 00 | | | 340 | 00 |
| 23 | 8 | Melk en suiker | Verversings | | 90 | 00 | | | | | 90 | 00 |
| 24 | 19 | Skoonmaak van kantoor | | | | | | | 250 | 00 | 250 | 00 |
| 25 | 20 | Penne en papier | | | | | 470 | 00 | | | 470 | 00 |
| 26 | 30 | Koerier | Posgeld | | 180 | 00 | | | | | 180 | 00 |
| | | | | | 1 020 | 00 | 810 | 00 | 250 | 00 | 2 080 | 00 |
| | | | | | | | | | | | | |

**[11]**

**VRAAG 5**

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (5.1–5.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

5.1 Krediteure kan aan die begin van die maand 'n debiet- of kredietsaldo hê.

5.2 Rente op 'n verband sal op die kredietkant van die proefbalans verskyn.

5.3 Die totaal van die krediteurskolom in 'n kontantontvangstejoernaal verskyn op die kredietkant van krediteure in die algemene grootboek.

5.4 Die totaal van onttrekking in die kontantbetalingsjoernaal verskyn op die debietkant van aftrekkings in die algemene grootboek.

5.5 Toerusting sal altyd aan die begin van die maand 'n debietbalans hê.

5.6 Die balansstaat word aan die einde van die finansiële jaar gedoen.

5.7 'n Gunstige saldo in 'n bankrekening sal 'n debietbalans in die algemene grootboek wees.

5.8 'n Nuwe rekenaar vir die konsultant om op te werk, sal onder die meubelrekening aangeteken word.

5.9 Enige uitgawes van die besigheid se bankrekening wat namens die eienaar gemaak word, sal onder die kapitaalrekening aangeteken word.

5.10 Die proefbalans word aan die einde van elke maand gedoen.

(10 × 1) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 150**

## AFDELING B: REGSBEGINSELS

### VRAAG 6

6.1 Sekere vereistes moet nagekom word voordat 'n kontrak geldig is. Een so 'n vereiste is dat partye ernstig is om 'n kontrak te sluit.

Noem VYF ander vereistes. (5)

6.2 'n Aanbod en aanvaarding is nodig voordat 'n kontrak gesluit kan word.

Verduidelik beide konsepte en gee 'n toerisme-verwante voorbeeld van elk. (2 + 2) (4)

6.3 Identifiseer die tipe feitfoute in elk van die volgende gevalle:

6.3.1 Beide partye het 'n feit(e) verwar, maar die foute verskil van mekaar.

6.3.2 Slegs een party tot 'n kontrak het 'n feit(e) verwar.

6.3.3 Albei partye tot die kontrak het dieselfde feit(e) verwar. (3 × 1) (3)

6.4 Noem en verduidelik kortliks TWEE uitsonderings waar 'n persoon bo die ouderdom van 18 nie volle kontraktuele kapasiteit het nie. (2 × 2) (4)

6.5 Enige persoon onder die ouderdom van 18 word as 'n minderjarige beskou.

Noem SES omstandighede waaronder 'n minderjarige geldige kontrakte mag aangaan. (6)

6.6 Die kontraktuele hoedanigheid van getroude vroue het sedert 1993 met nuwe wette verander.

Verduidelik elk van die volgende maniere om getroud te wees en wat sal met die bates en laste gebeur as daar 'n egskeiding is:

6.6.1 Getroud buite gemeenskap van goedere.

6.6.2 Getroud buite gemeenskap van goedere met die aanwasbedeling (HVK)

6.6.3 Getroud binne gemeenskap van goedere. (3 × 3) (9)

Kopiereg voorbehou 

6.7 As 'n algemene reël kan enige artikel verkoop word, maar daar is uitsonderings.

Noem TWEE voorbeelde van elk van die volgende uitsonderings:

6.7.1 Openbare eiendom.

6.7.2 Dinge wat nie in staat is om eienaarskap aan te neem nie.

6.7.3 Artikels wat deur die wet verbied word.

(3 × 2) (6)

6.8 Verduidelik die verskil tussen elk van die volgende maniere waarop eienaarskap van goedere oorgedra kan word:

6.8.1 Lang hand aflewering

6.8.2 Simboliese aflewering

6.8.3 Kort hand aflewering

(3 × 2) (6)

6.9 Voltooi die volgende sinne rakende die afkoelperiode in 'n kredietooreenkoms deur die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (6.9.1–6.9.2) in die ANTWOORBOEK neer te skryf.

Die afkoelperiode laat die verbruiker (6.9.1) … besigheidsdae toe om die aankoop te kanselleer. Die koper moet skriftelik kennis gee van die beëindiging aan die (6.9.2) … (2 × 1) (2)

6.10 Noem VYF dokumente, (volgens die mees onlangse Nasionale Kredietwet) wat die ontvanger van krediet moet voorsien wanneer daar om krediet aansoek gedoen word. (5)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**
**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou